



Verwysing: 20160518-451

8/2/5

Navrae: D de Pontes

Omsendbrief: 0036/2016

Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure en Adjunkdirekteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofonderwyskundiges in die Direktoraat: Inrigtingsbestuur en Beheerbeplanning, Hoofde: IBB, Kringbestuurders, Skoolhoofde en Voorsitters van Beheerliggame van openbare skole op staatseiendom

Kort opsomming: *Riglyne oor die installering van sellulêre maste en basisstasies op openbare skoolterreine.*

Onderwerp: Riglyne oor die installering van sellulêre maste en basisstasies op openbare skoolterreine

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) voorsien hiermee die volgende riglyne oor die installering van sellulêre maste en basisstasies op openbare skoolterreine.
2. Beheerliggame van openbare skole op staatseiendom moet ingevolge Omsendbrief 0032/2012 'n aansoek indien vir die goedkeuring van die voorgestelde installering van 'n sellulêre mas en basisstasie op die skoolterrein.
3. Die aansoek moet op die skool se briefhoof ingedien en deur die volgende vergesel word:
 - 3.1 Die notule van die vergadering waarin die beheerliggaam ingestem het om die sellulêre mas en basisstasie op die skoolterrein te installeer; en
 - 3.2 'n Brief wat deur die voorsitter van die beheerliggaam onderteken is wat die naam en posisie van die lid van die beheerliggaam aandui wat gemagtig is om dokumente vir hierdie projek namens die beheerliggaam te onderteken.
4. Die beheerliggaam kan bindende huurooreenkomste met sellulêre netwerkverskaffers aangaan vir die installering van sellulêre maste en basisstasies op die skoolterrein, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- 4.1 Die huurooreenkoms, soos deur die WKOD voorsien, moet gebruik word.
 - 4.2 Die tydperk van die huurkontrak mag nie die voorgeskrewe termyn in die huurkontrak oorskry nie, maar die aansoeker sal die opsie hê om dit te hernu.
 - 4.3 Die maandelikse huur wat deur die privaat sellulêre netwerkverskaffer betaalbaar is, moet in die skool se bankrekening inbetaal word. Hierdie gelde moet vir opvoedkundige doeleindes gebruik word.
 - 4.4 Die sellulêre mas en basisstasie moet behoorlik (veilig) afgekamp word (minimum hoogte van die veiligheidsheining moet 1,8 meter wees) ten einde leerders te verhoed om te naby aan die mas of die basisstasie te kom.
 - 4.5 Die sellulêre mas en basisstasie moet sover as moontlik van die skoolgebou(e) af wees, verkieslik op die hoek van die skoolterrein en agter die hoofgebou(e).
 - 4.6 Indien 'n elektriese stroom benodig word, mag sodanige stroom nie deur die skool voorsien word nie. Die plaaslike owerheid moet genader word oor 'n aparte verskaffing van 'n elektriese stroom op die sellulêre netwerkverskaffers se onkoste.
 - 4.7 Die sellulêre netwerkverskaffer moet onderneem om die sellulêre mas of basisstasie, op eie onkoste, binne 60 dae na die huurtermyn verstryk het, te verwyder.
 - 4.8 Indien navorsing op enige toekomstige datum aandui dat hierdie sellulêre maste en basisstasies bestraling uitstraal wat skadelik is vir die gesondheid van die kinders en inwoners wat naby die mas en basisstasie woon, is die WKOD en betrokke skool kwytgeskeld van alle wetlike en mediese koste. Hierdie koste moet dan deur die hoofuitvoerende amptenaar en raadslede van die sellulêre netwerkverskaffer gedra word, d.w.s. die eienaars van die sellulêre mas en basisstasie.
 - 4.9 Die aandag van die party wat 'n kontrak met die beheerliggaam aangaan se aandag moet gevestig word op klousule 7.21 en 7.22 van die huurooreenkoms (beskikbaar by die Direkoraat: Infrastruktuurbeplanning en -bestuur) wat bestralingsvlakke en die aanmelding/monitering daarvan hanteer.
5. U samewerking in hierdie verband word waardeer.

GETEKEN: PA VINJEVOLD
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2016-06-23